

Kallinos van Efese

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Kallinos het waarskynlik in die tweede en derde kwart van die 7de eeu in Efese, Klein-Asië, gelewe. Die vraag rondom sy tyd hang nou saam met die oorloë van die Griekse stede van Klein-Asië teen die Kimmeriërs. (Die gedagte van Peppmüller en Campbell dat in Kallinos se gedigte sprake is van 'n oorlog teen die Magnesiërs, word meestal verwerp). Volgens Hdt. IV, 12 was hulle afkomstig uit Suid-Rusland, en het hulle Klein-Asië in die 7de eeu binnegedring en Lidië en Ionië tweemaal binnegeval. Tydens die tweede inval is die Lidiese koning Guges gedood (652), Sardis verower en Magnesia verwoes (vgl. Burn 100–106). In fr. 19 vermeld Archilochos die val van Magnesia, waaruit Strabo afgelei het dat Kallinos ouer was, omdat dié nog praat van die voorspoed van Magnesia — só ook nog Lesky 118 — iets wat kommentatore met omsigtigheid beskou en eerder net aanvaar dat hulle tydgenote was (vgl. Gerber, *Euterpe* 44). Dit is in

elk geval waarskynlik dat Kallinos deel gevorm het van die militêre aristokrasie van Efese, maar verder is niks van sy lewe bekend nie.

Pausanias en Strabo verwys na historiese en mitologiese gedigte van Kallinos, maar behalwe vir enkele fragmente in die elegiese versmaat (frr. 1–4) het alles verlore gegaan. Van die 4 fragmente is net 1 van substansiële lengte, en dit is deur Stobaeus oorgelewer onder die titel ἔπαινος τόλμης. Volgens Strabo behoort frr. 2–4 tot 'n gedig λόγος πρὸς Δία, waarin Zeus se hulp gevra word teen die invalle van die Kimmeriërs. Saam met die gedigte van Turtaios word dié van Kallinos geklassifiseer as oorlogselegie. Hy het in die Ioniese dialek geskryf, maar alhoewel sy woordeskat grotendeels aan Homeros ontleen is, toon hy soms 'n sekere oorspronklikheid in frasering.

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 40–44.
Gentili-Prato 1–3.

LITERATUUR

Fränkel, *EGP* 152.
Gerber, *Euterpe* 44.
Kroll, *RE* X, 1652 e.v.
Lesky 118.

(JHB)

2. FRAGMENTE VAN KALLINOS

(a) Fr. 1D (1A, 1B, 1E, 1G–P, 1W)

Dis edel om vir die vaderland te sterwe ...

Μέχρις τεῦ κατάκεισθε; κόντ' ἄλκιμον ἔξετε θυμόν,
ὦ νέοι; οὐδ' αἰδεῖσθ' ἀμφιπερικτίονας
ὄδε λίην μεθιέντες; ἐν εἰρήνῃ δὲ δοκεῖτε
ῆσθαι, ἀτὰρ πόλεμος γαῖαν ἅπασαν ἔχει.

* * *

καὶ τις ἀποθνήσκων ὕστατ' ἀκοντισάτω. 5
 τιμῆν τε γὰρ ἔστι καὶ ἀγλαὸν ἀνδρὶ μάχεσθαι
 γῆς πέρι καὶ παίδων κουριδίης τ' ἀλόχου
 δυσμενέσιν· θάνατος δὲ τότε¹ ἔσσειται, ὀπλότε² κεν δὴ
 Μοῖραι ἐπικλώσωσ'· ἀλλὰ τις ἰθὺς ἴτω
 ἔγγχος ἀνασχόμενος καὶ ὑπ' ἀσπίδος ἄλκιμον ἦτορ 10
 ἔλσας, τὸ πρῶτον μειγνυμένου³ πολέμου.
 οὐ γὰρ κως θανάτὸν γε φυγεῖν εἰμαρμένον ἐστὶν
 ἀνδρ', οὐδ' εἰ προγόνων ἦ γένος ἀθανάτων.
 πολλὰκι δηϊότητα φυγῶν καὶ δοῦπον ἀκόντων
 ἔρχεται, ἐν δ' οἴκῳ μοῖρα κίχεν θανάτου. 15
 ἀλλ' ὁ μὲν οὐκ ἔμπης⁴ δῆμῳ φίλος οὐδὲ ποθεινός,
 τὸν δ' ὀλίγος στενάχει καὶ μέγας, ἦν τι πάθῃ·
 λαῶ γὰρ σύμπαντι πόθος κρατερόφρονος ἀνδρός
 θνήσκοντος, ζῶων δ' ἄξιος ἡμιθέων·
 ὥσπερ γὰρ μιν πύργον ἐν ὀφθαλμοῖσιν ὀρώσιν· 20
 ἔρδει γὰρ πολλῶν ἄξια μούνης ἑών.

BRON

Stobaeus 4, 10, 12.

1. VERSMAAT

Die versvorm is die *elegiese distichon*; vgl. hiervoor die kommentaar op Archilochos fr. 7D.

2. KOMMENTAAR

Vóór reël 5 vertoon die teks 'n lakune — waarskynlik net 'n heksameter of dan gering. Sommige het fr. 3 probeer invoeg:

νῦν δ' ἐπὶ Κιμμερίων στρατὸς ἔρχεται ὄβριμοεργῶν.

Die verbinding kom miskien nie bevredigend voor nie, maar Defradas se beswaar dat die lakune aansienlik groter is, is spekulatief. Kamerbeek-Verdenius meen dit het in elk geval gehandel oor die nadere omskrywing van die oorlogsgevaar.

1. Paris. 1985: ποτ' Stob.SMA

2. Stob.codd.: ὀκλότε Bach

3. Bucherer: μιν μιν Stob.codd.

4. Stob.A: ἔμπας Stob.SM

Kallinos skryf Ionies — vgl. τεῦ ... κότε (1), λίην (3), κως (12), ἔμπης (16), maar sy *woordeskat* en *formulering* is oorwegend epies — slegs ἀμφιπερικτίνας en ποθεινός is nie in Homeros terug te vind nie. Tog het die gedig 'n kragtige effek (Campbell) en moet ons Kallinos nie bloot as nabootser beskou nie: die aard van sy gedigte was só na aan dié van die epiese dat daar vir die situasie en sy gedagtes om dit te verwoord 'n skat van epiese frases voorhande was. Vgl. hier veral Bowra 15–16 en Campbell 162, en in die besonder Schulhoff.

1 κατάκεισθε: die praes. dui op die huidige situasie: 'hoe lank nog lê julle leeg?'

ἔξετε is ingressief: 'wanneer sal julle ... begin kry?'

2 νέου: in wyere sin beteken dit wapenvaardige manskappe (Buchholz-Peppmüller I,25 e.v.), soos in Turt.fr. 7,1D.

οὐδέ lei hier 'n verontwaardigde vraag in: vgl. Denniston 198 oor Aristoph. Eq. 1302.

οὐδ' αἰδέισθ(ε): 'julle skaam julle nie eers (vir die omwoners) nie.' Dodds, *The Greeks and the Irrational*, praat hier van die 'shame-culture', d.w.s. die gevoel van skaamte vir wat die mense sal sê. Campbell 163 verwys na Hom. Il. 6, 442 en Od. 2, 65 vir die akkusatief na αἰδέομαι: 'In these passages αἰδέομαι with accusative means "feel a sense of shame before"'. Vgl. ook Buchholz-Peppmüller I,26. Verdenius, *Mnem.* 12, 1944, 47–60, meen die onderliggende gedagte is bloot dié van 'ontslag'.

3 μεθιέντες: onoorganklike gebruik van μεθίημι.

ἐν εἰρήνῃ: 'in 'n staat van vrede', en nie 'rustig', 'kalm' nie. Let op die lacuna na r.4.

5 τις = ἕκαστος = 'elkeen' (vgl. hiervoor reeds Hom. Il. 2, 382: εὖ μὲν τις δόρυ θηξάσθω) — (m.a.w. nie in die hopliete-formasie nie: kyk by ἀκοντιστάτω). Die beklemtoning van die individuele held in die tweede helfte van die gedig (vanaf r. 5) is heeltemal anders as die gees van gesamentlike optrede in die falanks.

ἀποθνήσκων: Verdenius pleit oortuigend vir 'n emfatiese gebruik: 'eers as hy sterwe' = 'nie voor hy sterwe nie', téén die gebruiklike 'wanneer hy sterwe'. Leimbach 271 n. 33 meen die emfatiese funksie is moontlik, maar nie noodsaaklik nie. Hy wys ook daarop dat die gedagte om te veg tot die dood toe on-Homeries is.

ἀκοντισάτω: Leimbach (270 n. 21 en 274) betoog tereg dat die falankstegniek nog nie vir Kallinos gegeld het nie, aangesien die gebruik van die werpspies nie daarmee te versoen is nie. Die geleidelike instelling van die falanksformasie op die Griekse vasteland dateer vanaf 675 v.C. In Ionië, en dus in Efese, is die formasie later as op die Griekse vasteland ingevoer. Leimbach verwys hier na Kiechle, "Lakonien und Sparta" 269; Snodgrass, *JHS* 85, 1965, 113; en Latacz 232.

- 7 κουριδίης ... ἀλόχου: 'wettige vrou', d.w.s. die vrou wat die Spartaan geneem het as hy op 30-jarige leeftyd die barakke verlaat het.
- 11 ἔλσας: aor.part. van εἴλω (vgl. LSJ), nie 'verberg' nie, maar 'saamtrek', en derhalwe 'n verinnerliking van Hom. *Il.* 13, 408: τῇ (ἀσπίδι) ὕπο πᾶς ἐάλῃ. Leimbach 273 en n. 46 handhaaf die gedagte van 'im Schutz des Schildes das wehrhafte Herz zu bergen'; vgl. ook so Buchholz-Peppmüller I, 26: 'unter dem Schilde die männliche Brust bergend'.
- 13 γένος: waarskynlik 'n akkusatief van betrekking: 'in afkoms/geslag' (Verdenius contra Hudson-Williams, Campbell en Matsen, wat γένος as nom. = 'kind', 'nakomeling' verstaan).
- 14–15 Campbell 166 merk op dat reëls 14–15 'amplify 12–13 by providing an example'. Verdenius verwerp hierdie uitbreidingsfunksie van die *asundetón*. Vgl. egter weer Campbell: 'Homer frequently has *asundetón* when a sentence explains or amplifies the previous one', met verwysing na *Od.* 22, 73–74.
- 15 ἔρχεται: reeds in Hom. as 'veilig huistoe keer' (*Od.* 14, 382 ens.). Gerber se gedagte dat τις of ἀνήρ die subjek is, word tereg deur Verdenius afgewys. Die subjek is die substantiwiese φυγῶν = 'hy wat ontkom het ... keer veilig terug'.
- κίχεν: gnomiese aoristus. Met verwysing na die werk van Ruijgh en van Krimpen oor κίχάνω (*Mnem.* 22, 1969, 124), wys Verdenius ook op die beeldspraak van reël 15: die lewe is 'n διάυλος (Eur. *Her. Fur.* 660–662: καθανόντες τ' εἰς αὐγὰς πάλιν ἀλίου/δισσοῦς ἂν ἔβαν διαύλους), waarop ook die Dood hardloop en die sterfling 'inhaal'. Campbell wys ook daarop dat hierdie beeldspraak nie epies is nie.
- 16 ὁ μὲν: Matsen neem ὁ as substantivering van φίλος en ποθεινός en die μὲν met emfatiese en deiktiese funksie, en δέ van 17 as

apodoties, en vertaal: 'Maar die man in elk geval nie geliefd by die volk of 'n voorwerp van hulle begeerte/verlange nie, hóm sal klein en groot beweën...'. Hiermee verwerp sy die gewone opvatting dat ὁ μὲν deur τὸν δ' gekontrasteer word (vgl. ook Campbell 166). ὁ μὲν kan tog nie na die lafaard verwys nie, want daar is nie van 'n lafaard sprake nie — vgl. die Interpretasie.

- 19 θνήσκοντος: Verdenius vertaal hier korrek 'as hy dood is', teenoor die gewone vertaling van 'wanneer hy sterf'. Vgl. bo, reël 5. ἄξιος: vgl. Hom. *Il.* 8, 234: νῦν δ' οὐδ' ἐνὸς ἄξιοι εἶμεν.
- 20 ἐν ὀφθαλμοῖσιν: Gerber vertaal ἐν lokatief: 'in front of'; Verdenius wys op die Hollandse uitdrukking 'in het oog krijgen'. Ander hou dit vir instrumentalis (Adrados, Defradas), d.w.s. 'met die oog', maar die hele uitdrukking is waarskynlik bloot 'n uitgebreide en poëtiese weergawe van ὀρώσιν, 'beskou', 'aansien'.
- 21 πολλῶν: brachulogie vir 'die dade van baie mense': ἄξια τούτων ἂ πολλοὶ ἔρδουσιν.

3. STRUKTUUR

3.1 Matsen en Leimbach het tereg getoon dat Bowra se stelling dat daar géén logiese struktuur of gedagteontwikkeling in dié gedig is nie, maar slegs emosionele appelle, geheel ongegrond is. Hierby kan ons ook Fränkel voeg wat ewenseer ten onregte meen dat die reeks argumente nie konsekwent ineengewef is nie (vgl. ook Schulhoff 104).

Leimbach 266–267 wys daarop dat die doel van die gevegspanese (oproep tot die geveg) daarin bestaan om òf die gebrek aan gevegsbereidheid uit die weg te ruim òf bestaande gevegsbereidheid te versterk. Hierdie doel word dan bereik deur argumente en oproepe. Die oproepe word gewoonlik deur bepaalde argumente gefundeer. Die motiverende krag tot só 'n oproep spruit uit die volgende bronne:

- die normatiewe motivering — die norme kan òf eties òf strydtegnies wees;
- die beloning-bestraffingsmotivering;
- die risiko-motivering (die gevegspotensie en kanse op oorlewing);
- die emosionele motivering (gevoelens van haat of wraak van die vyande).

3.2 As ons hierdie motiewe in gedagte hou, kan ons die opbou van die gedig soos volg uiteensit. Die skema volg in teenstelling met Leimbach se drieledige, 'n tweeledige indeling. *Let op*:

- (i) die slotdeel waar ons die interpretasie van Matsen t.o.v. 16–17 navolg en nie kan aanvaar dat hier van 'n lafaard sprake is nie; en
- (ii) dat Leimbach nalaat om die spiraal of halfkonsentriese samestelling van 5–21 aan te dui:

A 1–4 Inleiding Die klag teen die νέου vir hulle ongeërgdheid: 'n beroep op hulle αἰδώς en die gebrek aan 'n gevegsbereidheid (= normatiewe motivering).

B 5–21 Parenese

- (a) 5 oproep tot geveg — tot die dood toe (= normatiewe motivering)
- (b) 6–8a beloningsfundering: dit bring eer
- (c) 8b–9a risikofundering: sekerheid van die dood
- (a) 9b–11 oproep tot geveg — dapper = (normatiewe motivering)
- (b) 16–21 beloningsfundering: eer en aansien vir die krygsman wat op die slagveld sterf òf dit oorleef
- (c) 12–15 risikofundering: sekerheid van die dood.

L.W. Die motiverings b en c ruil later om omdat motivering b die kern van die gedig is en vir prominensie laaste geplaas word. Vgl. die Interpretasie. Krischer 389 laat die paranese-tema (5) uit, en meen dat die eerste motief eers met reël 6 begin, maar só ignoreer hy die imper. ἀκοντισάτω van reël 5.

3.3 Let op die volgende patrone:

- (a) kontrastering εἰρήνη ... ἦσθαι (3–4):
πόλεμος ... ἔχει (4)
θνήσκοντος: ζώων (19)

- (b) herhaling:

ἀποθνήσκων (5)	}	verleen reliëf aan die <i>doods-</i> tema
θάνατος (8)		
θάνατον (12)		
θανάτου (15)		
θνήσκοντος (19)		

(vgl. kommentaar < by struktuurskema)	$\left. \begin{array}{l} \text{ἄλκιμον ... θυμόν (1)} \\ \text{ἄλκιμον ἦτορ (10)} \end{array} \right\}$	beide aan die einde van reël
	$\left. \begin{array}{l} \text{φυγεῖν (12)} \\ \text{φυγών (14)} \end{array} \right\}$	in die middel
	$\begin{array}{cc} 1 & 2 \\ \text{ἄξιος ἡμιθέων (19)} \end{array}$	
	$\begin{array}{cc} 2 & 1 \\ \text{πολλῶν ἄξια (21)} \end{array}$	
	$\text{δήμῳ ... οὐδὲ ποθεινός (16)}$	
	$\text{λαῶ ... πόθος (18)}$	
	ἄκοντισάτω (5)	
	ἄκόντων (14)	

4. INTERPRETASIE

4.1 Die gedig as gevegsparanese is dikwels met dergelike gevegsparaneses in Homeros vergelyk. Vgl. hieroor volledig: Snell, *Entdeckung*⁴ 164 e.v.; Latacz se studie oor die gevegsparanese; Leimbach 268 e.v., en Krischer.

Terwyl Leimbach meen dat Kallinos 1D 'n kombinasie van en uitbreiding op verskeie Homeriese tipes is, meen Krischer dat dit gebaseer is op een model in Homeros, nl. *Il.* 12, 310 e.v., Sarpedon se paranese aan Glaukos. Vgl. Krischer 386 e.v.

4.2 Die gedig begin met 'n klag gerig tot die νέοι (Bowra meen ten onregte dat die νέοι hier bepaald by 'n feesmaal aanlê) oor hulle ongeërgdheid (κατάκεισθε, λίην μεθιέντες) en bevat indirek reeds 'n aansporing tot dapperheid, en so word deur ἄλκιμον ... θυμόν reeds dié tema in 9–11 geantisipeer (ἄλκιμον ἦτορ). Terwyl Jaeger meen dié klag is ernstig van aard, wil Verdenius in navolging van Fränkel dit sien bloot as retoriese oproep. (Fränkel en Verdenius wys op *Il.* 2, 796; 4, 371; 5, 782–783. Maar as dáár ongegronde beskuldigings van toepassing is, geld dit nie *ipso facto* van Kall. 1 nie). Dat hierdie klag wel met erns bedoel is, word gesuggereer deur die feit dat die νέοι traag is om in die stryd betrokke te raak: deur die stryd te vermy, vermy hulle só die dood. Nou skep hulle die indruk (δοκεῖτε) dat Efese in werklikheid ἐν εἰρήνῃ verkeer. Kallinos probeer nou om hulle daartoe aan te spoor deur daarop te wys dat om te veg vir die eie land, kinders en vrou dié risiko werd is. Die hele tweede deel van die gedig bevat die basis hiervoor.

4.3 Maar eers bring Kallinos sy klag tuis deur twee sake voor te hou:

- (1) te speel op hulle gevoel van αἰδώς (2)
- (2) hulle valse indruk van die situasie te onderskep (δοκεῖτε, 3).

Deur 'n beroep te maak op hulle αἰδώς-gevoel, neem Kallinos hulle direk na die heroïese wêreld van Homeros, waarin αἰδώς die negatiewe kant van τιμή en κῦδος vorm, en wat gegeld het as rigsgoer vir die held se optrede. Die groot verskil hier is natuurlik dat die *held* nou vervang word met die *groep* — vgl. Leimbach 272: 'Es ist klar, dass diese neue Wertung zum Bürgerheer der Polis paszt. Sie ist aus ihrem Geist entstanden'. αἰδώς is hier inderdaad die gevoeligheid vir die ideale norm van die gemeenskap en dus die emosionele basis van deug: 'wat die mense sal sê' — soos Kallinos ook hier inderdaad verwys na die omwoners — wat hulle sal sê van sulke ongeërgde optrede! (vgl. Hom. *Od.* 2, 65, waar αἰδώς ook op die omwoners betrekking het). Kallinos waarsku so die νέοι dat hulle 'n valse indruk het van die situasie waarin hulle gemeenskap verkeer: dis nie vrede nie, maar oorlog wat die land teister.

4.4 Wat presies vóór reël 5 inpas is nie ter sake nie, want dit bly spekulatief. Tog bevat reël 5 genoeg informasie waaruit ons kan aflei dat Kallinos van hier af tot aan die einde met drie motiewe werk, wat, soos in die struktuur aangedui is, in afwisselende patroon ineengewef is.

Reël 5 bevat dus die eerste motief in bevelvorm, nl. dié van dappere oorlogsvoering, wat hy kwalifiseer as 'tot die dood toe' (ἀποθνήσκων), waar Verdenius se siening van die deelwoord sin gee aan hierdie motief. Matsen meen dat reël 5 die funksie het van 'n skoktaktiek waarmee hy die νέοι se aandag wil verkry.

Vervolgens (6–8a) fundeer (γάρο) hy hierdie oproep deur te wys op die motief van eer en aansien — deur te veg vir die land en familie — wat vanaf 16–21 meer volledig uitgewerk word, sodat ons hier kan praat van die kern of eintlike tema van die gedig. Burn en Gerber wys daarop dat ons in dié fundering van veg vir die *land* reeds die eerste voorbeeld van 'n beroep op patriotisme het. Verdenius wil dit eerder as preliminêre fase sien omdat vir hom γῆ hier nog nie geïdentifiseer word met vaderland ('Heimat') nie. Vgl. sy bespreking (*Mnem.* 25, 1972, 4–5) én die literatuur. Leimbach 272 n. 36 aanvaar Verdenius se beswaar teen Burn en Gerber, maar meen dat Verdenius γῆ nie korrek aandui nie ...: 'der Sache nach ist hier eindeutig mit γῆ das Land gemeint, das zur Heimatpolis gehört, worunter auch der eigene

Besitz mitgedacht is.' Hy aanvaar derhalwe nie Verdenius se ontwikkelingsfase van patriotisme nie, aangesien γῆ in die *Ilias* sowel die persoonlike landeïendom as die hele vaderland kan wees (vgl. *Il.* 15, 498, 663; 12, 243). Dat dit die *hele vaderland* is, blyk egter duidelik uit reël 4: πόλεμος γαῖαν ἅπασαν ἔχει ~ μάχεσθαι γῆς πέρι (6–7). Soos reeds by die bespreking van die αἰδώς-gedagte aangedui, wys τιμῆν en ἀγλαόν hier op die positiewe sy daarvan, nl. τιμή in die eg-Homeriese sin van die woord. Vgl. Matsen 57–58.

4.5 Om hulle vrees vir die dood uit te skakel, omdat dit hulle weerhou van oorlogvoering, raak Kallinos die motief van die noodwendigheid van die dood aan (waar θάνατον, 12, reeds deur ἀποθνήσκων geantisipeer is): 'n mens kan aan die dood nie ontkom nie, al is sy voorsate van goddelike/onsterflike afkoms. Hierdie motief vind ons alreeds terug in Homeros (vgl. veral *Il.* 6, 487–489 en *Od.* 3, 236–238; 10, 174–175). Kallinos gebruik hierdie motief egter *anders* as in Homeros, soos blyk uit reëls 14–15: waar die risiko van die dood *op die slagveld* vir die Homeriese held uit die aard van die saak *noodwendig* groter is, omdat die Homeriese held hom in 'n voortdurende oorlogsituasie bevind, en waar strewe op die slagveld roem impliseer, skryf Kallinos vanuit 'n *onheroïese oorlewingsgevoel* en wys hy die νέοι ten gevolge op die feit dat die risiko van die dood *in elke situasie* ewe groot is — op die slagveld, *maar net so ewe tuis* (Leimbach 273): 'dikwels keer hy wat aan die stryd en gedruis van werpspiese ontkom het/veilig tuis, maar haal die doodslot hom tuis in' (14–15). Vir die beeld van die Moirai wat die lewenddraad afspin, vgl. Dietrich, *Phoenix* 16, 1962, 86–101, en *Death, Fate and the Gods*; Greene, *Moirai*; Pötscher, *WS* 73, 1960, 5–39.

4.6 Verdenius maak beswaar teen kommentatore wat by ἐν δ' οἴκῳ meen dat aan bv. Agamemnon gedink word, en wel op twee gronde: (a) die teenwoordigheid van πολλάκι (14); en (b) dat reël 15 op 'n nie-gewelddadige dood dui: 'This does not refer to Agamemnon ... for πολλάκι and the next line show that a non-violent death is meant' (p. 7). Dit kan toegegee word dat πολλάκι daarop dui dat Kallinos *in die algemeen* dink, maar dis nie duidelik hoe reël 15 'n nie-gewelddadige dood impliseer nie. Kallinos kontrasteer *dood op die slagveld* (wat gewelddadig is) met *dood tuis*, d.w.s. die risiko van dood in elke situasie, afgesien daarvan watter manier van dood ter sprake is. Reël 15 sluit Agamemnon dus nie uit nie, al sou Kallinos nie spesifiek aan hom gedink het nie.

4.7 Die slot van die gedig (16–21) bevat die aansien-motief en geld as finale fundering vir sy oproep om betrokke te raak by die stryd. Matsen het veral 'n insiggewende interpretasie van hierdie reëls en die gedig in sy geheel voorgestel: dit gaan nl. hier nie basies om nét die gedagte van 'dis edel om vir die vaderland te sterwe nie' (Bowra); ook nie om die kontras tussen 'n krygsman wat die slagveld oorleef en tuis sterf nie, en 'n kontras tussen 'n lafaard (16) en 'n dapper man (17) nie. Kallinos spoor bloot mense, wat nie by die stryd betrokke wil raak nie uit vrees vir die dood, aan om te veg want — (1) ons moet buitendien sterwe; (2) daar wag groot aansien vir een wat vir sy land veg: hy wat aan die stryd deelneem word 'iets' by die volk (17–20) al was hy dit nie voorheen nie (16). Die loon vir die krygsman is gejammer en gemis as hy sterwe, roem en status as hy dit oorleef. Matsen se teorie pas in by die hele gang van die gedig soos ons dit aan die hand van die struktuur uiteengesit het. Ons moet onthou dat ook die Homeriese helde dikwels moes retireer, sodat φυγών (14) nie 'weghardloop' beteken en met 16 'n lafaard geïmpliseer word nie. Kallinos hou aan die νέοι die lokmiddel voor van sosiale status op gelyke voet met die heroïese helde (ἄξιος ἡμιθέων) as hulle 'n ἄλκιμον ἦτορ verkry en tot die stryd toetree. Leimbach 275 en n. 54; 276 n. 58, aanvaar nie Matsen se interpretasie van 16–17 nie, en wil verder φυγεῖν in 12 en φυγών in 14 beide as 'fliëhien vor' vertaal. Hy deel reëls 16–21 dienooreenkomstig soos volg in (268):

16–21	Beloningsfundering
16	Bestraffing van die lafaard
17–19a	Kompensasie vir die gevallene: weeklaag by die volk
19b–21	Premie vir die oorlewende: groot aansien by die volk.

Teen sy opvatting van φυγεῖν as 'vlug voor' kan Turtaios 9, 35–37: εἰ δὲ φύγη μὲν κῆρα ταηλεγέος θανάτοιο, / ... πάντες μιν τιμῶσιν ὁμῶς νέοι ἠδὲ παλαιοί, vergelyk word, waar Turtaios die gedagte uitspreek van 'wie aan die oorlog of die dood *ontkom*, word vereer ...'.

Ook ἄλλ' pas nie heeltemal in by Leimbach se uiteensetting van 12–15 nie; so ook die openingstelling — Leimbach gee self toe dat die doel is om 'n gebrek aan gevegsparanese weg te neem!

Die slotkoeplet bevat 'n algemene beeld van die toring (vgl. *Od.* 11, 556; *Theognis* 233; *Alkaios* 112, 10 — en Longo, *BIFG* 1, 1974, 211–228; *Soph. Ajax* 159; *O.T.* 1201; *Eur. Alkestis* 311; *Medea* 390; *Psalm* 61:2) en saam met die slotwoorde met hul prominente posisie

(μοῦνος ἕών), beweeg Kallinos duidelik in die epiiese wêreld: die heroïese held wat soos 'n toring alleen veg. Kallinos hou dié heroïese held as spieëlbeeld voor die νέοι.

As tema kan ons stel: om dapper te veg vir die 'eie' bring aansien en eer, in lewe of dood.

LITERATUUR

- Adkins, *HSCP* 81 (1977) 59–97.
 Adrados I, 107–113.
 Bowra, *EGE* 14–16.
 Buchholz-Peppmüller I, 25–27, 170–171.
 Burn, *Lyric Age* 171–172.
 Campbell 165–167.
 Defradas, *Les élégiaques grecs* 23–25.
 Fränkel, *EGP* 152–153.
 Geerebaert 1–5.
 Gerber, *Euterpe* 44–47.
 Jaeger, *Paideia* 93, 103.
 Kamerbeek-Verdenius 22–25.
 Krischer, *Hermes* 107 (1979) 385–389.
 Kroll, *RE* X, 1652–53.
 Latacz, *Kampfparänese, Kampfdarstellung und Kampfwirklichkeit*.
 Leimbach, *Hermes* 106 (1978) 265–279.
 Matsen, *CJ* 59 (1973) 57–59.
 Peppmüller, *Philologus* 51 (1892) 172–174.
 Schulhoff, *CR* 14 (1900) 103–106.
 Snell, *Entdeckung*⁴ 164–166.
 Verdenius, *Mnem.* 12 (1944) 47–60.
 Verdenius, *Mnem.* 25 (1972) 1–8.
 Zuretti, *RFIC* 41 (1910) 1.

(JHB)

Turtaios van Sparta

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Laat in die 8ste eeu v.C. (c. 730) het Sparta onder koning Theopompos die gebied rondom Messenê in die westelike deel van die Peloponnesos onder Lakoniese beheer probeer bring. Die stryd het twintig jaar geduur (Turt. fr. 4; Suda) voordat die Messeniërs tot oorgawe en slawerny gedwing is (Turt. fr. 5). Na sowat vyftig jaar (in c. 660 v.C. of iets later) het die Messeniërs teen hul Spartaanse onderdrukkers in opstand gekom, en is die Spartane genoodsaak om 'n bitter en langdurige stryd weer aan te knoop (die sogenaamde Tweede Messeense Oorlog) om hul grondbesit en voortbestaan te handhaaf.

Dit is in hierdie stryd waar die digter Turtaios sy verskyning maak. Sy *floruit* (d.w.s. die periode van sy fleur) word deur die Suda-leksikon (uit die 10de of 11de eeu n.C.) aangegee as die 35ste Olimpiade (= 640–637 v.C.). Alhoewel sommige bronne, waarskynlik onder die invloed van latere Atheense propaganda, hom as 'n Athener eien wat na Sparta gebring is om die geteisterde stad te red (Plato *Leg.*

629a + die Skolias; Paus. 4, 15, 6), word die getuienis dat hy 'n gebore Lakoniër was (Strabo 8, 362; Athenaios 14, 630f.; Lycurg. *Leocr.* 106; Diod. Sic. 8, 36; die *Souda*) vandag algemeen aanvaar. Sy betrokkenheid en belangrike rol in die politieke en militêre lewe en stryd van Sparta, soos uit sy oorblywende fragmente blyk, is te sterk om dié te wees van 'n genooide vreemdeling of selfs 'n ingeburgerde Spartaan. In fr. 6D spreek hy die ouer garde soldate aan as een van hulle, en in fr. 7D rig hy hom tot die jonger Spartaanse burgersoldate in terme wat in 'n vreemdeling of nie-Spartaan ondenkbaar sou wees.

Die *Souda*-leksikon, wat Turtaios as elegie-digter en fluitspeler tipeer, skryf vyf boeke poësie aan hom toe, waarvan 'n Πολιτεία ('Konstitusie'), Ὑποθήκαι ('Goeie Raad') en μέλη πολεμιστήρια ('Oorlogsliedere') genoem word. Die bestaande fragmente kom uit sy *Eunomia* en die oorlogsverse, en word vandag algemeen as eg beskou (vgl. Prato, 8*–20*). Hierin kom sy betrokkenheid as digter by die oorlewingsstryd van Sparta na vore. Hy gebruik die poësie in diens van die stadstaat om die Spartane teen die komende krisis te waarsku en om hulle tot die regte optrede aan te moedig. Propagandis was hy egter nie: die rol van die antieke Griekse digter as spreekbuis vir die *polis* maak so 'n aantying anachronisties (vgl. veral Prato, 20*–26*).

Die taal wat Turtaios in sy poësie gebruik is naverwant aan dié van Homeros. Dit is 'n onvermydelike uitvloeisel van die groot rol wat die Homeriese eposse in die opvoeding van die argaïese Griek gespeel het. Dit dui ook nie noodwendig 'n Ioniese, d.w.s. nie-Spartaanse, herkoms van hierdie digter aan nie, alhoewel die afwesigheid van Doriese elemente in sy taal steeds problematies is (vgl. verder Prato, 48*–59*).

TESTIMONIA

- Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 50–59.
Prato 1–19.
Gentili-Prato 6–19.

LITERATUUR

- Burn, *Lyric Age* 175–185.
Degani-Burzacchini 83–84.
Dover, in Pouilloux, *Archiloque* 190–195.
Gerber, *Euterpe* 69–70.
Lesky 118–121.

- Prato 1*–26* (lewe en werke).
 27*–37* (Messeense oorloë).
 37*–47* (Sparta ná die oorloë)
 48*–59* (Turtaios se taalgebruik).

(WJH)

2. FRAGMENTE VAN TURTAIOS

(a) Fr. 6D (6A, 10E, 6G–P, 6Pr, 10W)

Dis edel om vir die vaderland te sterwe

Τεθνάμεναι γὰρ καλὸν ἐνὶ προμάχοισι πεσόντα
 ἄνδρ' ἀγαθὸν περὶ ἧ πατρίδι μαρνάμενον,
 τὴν δ' αὐτοῦ¹ προλιπόντα πόλιν καὶ πίονας ἀγρούς
 πτωχεύειν πάντων ἔστ' ἀνιηρότατον²,
 πλαζόμενον σὺν μητρὶ φίλῃ καὶ πατρὶ γέροντι 5
 παισὶ τε σὺν μικροῖς κουριδίῃ τ' ἀλόχῳ.
 ἐχθρὸς μὲν γὰρ τοῖσι μετέσσειται, οὓς κεν ἴκηται
 χρημοσύνη τ' εἴκων καὶ στυγερῆ πενήτη,
 αἰσχύνει τε γένος, κατὰ δ' ἀγλαὸν εἶδος ἐλέγχει,
 πᾶσα δ' ἀτιμὴ καὶ κακότης ἔπεται. 10
 εἰ δ'³ οὕτως ἀνδρὸς τοι ἀλωμένου οὐδεμί' ὥρη⁴
 γίγνεται οὐτ' αἰδῶς οὐτ' ὀπίσω γένεος⁵,
 θυμῷ γῆς περὶ τῆσδε μαχώμεθα καὶ περὶ παίδων
 θνήσκωμεν⁶ ψυχῶν⁷ μηκέτι φειδόμενοι.

BRON

Lukourgos in *Leocr.* 107.

1. Stephanus: αὐτοῦ Lyc.codd.: ἦν δ' αὐτοῦ Francke

2. edd.: ἀνιηρότατον Lyc.NA

3. Francke: εἶθ' Lyc.codd.

4. edd. ὥρη Lyc.codd.

5. Ahrens: οὐτ' ὀπίσω τέλος Lyc.codd.: ὅπισ οὐτ' ἔλεος Bergk

6. edd.: θνήσκομεν Lyc.NA

7. Aldina: ψυχῶν Lyc.codd.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet* (vgl. Archilochos, fr. 7D).

Let op die volgende: ἀτῆμιῆ (10; ook by Hom. *Od.* 13, 142); ἀλωμῆνοῦ/οὔδεμι (11); ψυχῆων (14; *sunizesis*).

2. KOMMENTAAR

- 1 τεθνάμεναι: Aiolies-epiese vorm (vgl. bv. Hom. *Il.* 24, 225; 15, 497) van die pf. inf. van θνήσκω (vgl. τεθνάναι). Om μαρνάμενον sinvol te maak, is die perfectum beklemtonend ('tot sterwe kom') eerder as 'n aanduiding van die toestand ('dood wees', 'dood lê'); vgl. Kühner-Gerth I, 150; en Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 337, en Degani-Burzacchini 86, teenoor Prato.

γάρ: volgens Verdenius (*Mnem.* 22, 1969, 337–338) wys dit vorentoe na en verduidelik dit reël 13, en word die motivering by εἰ δέ (11) weer opgeneem, soos by Hom. *Od.* 17, 78–83 (vgl. Denniston 69–70; ook 182–183: 'resumptive δέ').

καλόν: 'edel', met estetiese en morele konnotasies; vgl. Snell, *Entdeck.* 23 en Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 338; so ook Degani-Burzacchini 86.

ἐνί: kom in epiese poësie voor i.p.v. ἐν. In Homeros is die betekenis 'op ... af': *Od.* 24, 526: ἐν δ' ἔπεσον προμάχοις Ὀδυσσεὺς καὶ φαίδιμος υἱός. Verdenius (*Mnem.* 22, 1969, 338) wys op twee idees in προ-vertal: νόοι-vegters (lokatief) en vegter vir of ten behoeve van (modaal); vgl. Hom. *Il.* 3, 16: Τρωσὶν μὲν προμάχιζεν Ἀλέξανδρος.

ἐνὶ προμάχοισι: 'onder die voorste (jong) vegters', d.w.s. in die falanksformasie van swaargewapende hopliete wat vanaf c. 675 v.C. in Griekeland en sekerlik ook in Sparta in gebruik gekom het. In Homeros is die πρόμαχοι die individuele kampvegters soos Achilleus en Hektor wat voor die res van die leërs na vore tree. Ons teks weerspieël moontlik 'n oorgangsfase waarin daar nog sowel van die ou taktiek as die nuwe falankstaktiek gebruik gemaak is. Vgl. Snodgrass, *JHS* 85, 1965, 115–116; Snodgrass, *Greek Armour* 48–88; Calame, II, 25 e.v.; Toynbee, *Problems* 225 e.v.

- 1–2 πεσόντα/ἄνδρα ἀγαθόν: die akkusatief dui hier die onderwerp van die infinitief τεθνάμεναι aan: 'dat 'n dapper man val en sterf ...'.

ἀγαθόν: 'dapper'; die woord dui op die ware *aretê* (ἀρετή) van die kryger: sy fisiese krag en moed (vgl. Perrotta-Gentili 13), soos dit op die slagveld geopenbaar word (vgl. fr. 9, 20; fr. 9, 10 e.v.; Hom. *Il.* 13, 278–284; 21, 279–280. Vgl. ook Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 338–339 se kritiek (met verwysings) op Bowra, *EGE* 62.

περὶ ἧ πατρίδι: περὶ neem in hierdie betekenis gewoonlik die genitief (vgl. reël 13, en Kallin. fr. 1, 7; vgl. Kühner-Gerth II, 1, 493); vir die gebruik met die dat., vgl. Hom. *Od.* 17, 471; en Chantraine, *Gramm. Hom.* II, 127.

ἧ: dat. enk. vrl. van ὄς = (Lat.) *suus*, "syne".

- 3 προλιπόντα: 'banneling', d.w.s. wat gedwing is om te vlug ná die verowering van sy stad (vgl. fr. 4, 7–8; Jaeger, *Scripta Minora* I, 109; Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 339; Degani-Burzacchini 87, wat fr. 5, 7–8 vergelyk waar dit die lot van die Messeniërs was: κατὰ πίονα ἔργα λιπόντες) en nie 'droster' (Prato) of vlugteling weens pligsversuim (Jaeger, *Paid.* I, 133) nie.

πίονας ἀγρούς: die metaforiese gebruik kom reeds by Homeros voor (bv. *Il.* 23, 832; 16, 437).

- 4 ἀνιηρότατον: van ἀνιηρός, Ionies vir ἀνιαρός; 'smartlikste', d.w.s. wat smart ly (passief), anders as in Hom. *Od.* 17, 220: πτωχὸν ἀνιηρόν, wat smart veroorsaak (aktief); vgl. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 340. Vgl. Hom. *Od.* 16, 273 en 15, 342 vir die haglike toestand en lot van die bedelaar.

- 5 πλαζόμενον: die participium passief van πλάζω kan as werklike passief ('verdryf', 'verban', 'banneling') of as medium ('wandelend') vertaal word.

φίλη: hier nie net 'eie' nie, maar 'geliefd'.

γέροντι: substantief byvoeglik gebruik; vgl. Hom. *Il.* 1, 358: παρὰ πατρὶ γέροντι; 9, 477: φύλακας τ' ἀνδρας δμῶας τε γυναῖκας, en vgl. verder Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 341.

- 6 μικροῖς: met emotiewe konnotasie: 'arme klein kinders'; vgl. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 341; Moorhouse, *CQ* 41, 1947, 31–45.

ἄλόχῳ: 'bedgenoot'; vgl. Hom. *Il.* 9, 336 (van Briseis); as wettige vrou bedoel word, word κουριδίη bygevoeg (*Il.* 19, 298).

- 7 μετέσσειται = μετέσται (μέτειμι), met dat. τοῖσι.
 οὔς: acc. van beweging by ἵκηται.
 κεν: of κε = ἄν, en dui met die subjunktief ἵκηται 'n onbepaalde stelling aan: 'na wie hy ook al mag kom'. μέν (7) gevolg deur τε (9) is algemeen (vgl. Denniston 374 e.v.).
- 8 χρησιμοσύνη ... πενίη: die woorde verskil in betekenis: 'gebrek' (d.w.s. 'n behoefte aan iets) en 'armoede' (wat arbeid noodsaak); vgl. Theogn. 155–156; Eur. *El.* 375–376; Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 341–342 (met verdere literatuur).
- 9 κατὰ ... ἐλέγχει: tmesis vir κατελέγχει.
 ἀγλαόν: 'glansryk', 'edel'. Die verbinding met εἶδος kom nie by Homeros voor nie, maar wel met γυῖα, 'ledemate' (*Il.* 19, 385).
 ἐλέγχει: 'beskaam', 'weerspreek', 'weerlé'; die bedoeling is dat 'n persoon se fisiese voorkoms hoë verwagtings skep; vgl. Hes. *Erg.* 714: σὲ δὲ μή τι νόος κατελεγχέτω εἶδος (= 'houding'); Pind. *O.* 8, 19: ἦν δ' ἔσορᾶν καλός, ἔργω τ' οὐ κατὰ εἶδος ἐλέγχων; ook *I.* 3, 13–14; *P.* 8, 19.
- 10 πᾶσα ... ἀτιμία: 'algehele skande', soos by Hom. *Il.* 24, 407; Pind. *N.* 7, 56.
 κακότης: 'ellende', soos by Hom. *Od.* 5, 414 en Pind. *P.* 2, 35.
 ἔπεται: veronderstel αὐτῷ (vgl. bv. Hom. *Il.* 4, 415); die enkelvoud met twee onderwerpe is algemeen.
- 11 εἰ δ': Francke se korreksie van die onhoudbare manuskripleasing εἶθ' (= εἶτα) is verkieslik bo West se voorstelle ἴσθ' (= ἴστε, 'weet') of ἔσθ' (= ἔστί) wat 'n *lacuna* na reël 2 moet veronderstel; vgl. Degani-Burzacchini 89. Die δ' is hervattend (Denniston 182–183).
 του: aan die gehoor gerig, eerder as net 'n etiese datief (vgl. Denniston 537–538): 'sé ek u', 'weet u'.
 ἀλωμένου: participium van ἀλάομαι.
- 11–12 ἀνδρός ... ἀλωμένου en γένεος: objektiewe genitiewe.
- 12 γίγνεται: 'bestaan'; vgl. Verdenius, *Hermeneus* 39, 1967–1968, 125: 'blijkt te bestaan' (ook in *Mnem.* 22, 1969, 343).
 αἰδώς: 'agting', 'ontsag', 'respek'. Vgl. verder Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 343–344, i.v.m. die respek jeens bedelaars in Homeros

(bv. *Od.* 6, 207; 14, 388). Turtaios beklemtoon die afwesigheid van hierdie sosiale en godsdienstige respek in die oorlogsi-tuasie.

ὄπισω: In Homeros kom hierdie woord net in die betekenis van 'terugwaarts' voor, omdat die argaïese Griek die verlede as reeds gesien en dus vóór die oë voorgestel het; die toekoms was nog onbekend en dus ágter die waarnemer. Vertaal: 'daarna', 'agterna'. Vgl. fr. 12, 30: γένος ἔξοπίσω en 11, 13: λαὸν ὀπίσω (ook Sol. fr. 13, 32). Die lesing ὄπισω τέλος in die manuskripte van Lukourgos pas nie in die versmaat nie: ὄπῃ | σῶ τῆ Ἄ | λῶς. Bergk se emendasie οὐτ' ὄπις οὐτ' ἔλεος probeer 'n reeks negatiewe partikels in balans bring: ἀνδρὸς ... /οὐδεμί' ὄρη/οὐτ' αἰδῶς/οὐτ' ὄπις/οὐτ' ἔλεος: 'nòg besorgdheid nòg agting nòg bedagsaamheid nòg medelye'. Hierdie voorstel vereis die gebruik van ὄπις in 'n betekenis wat dit in Homeros se tyd en voor Pindaros (bv. *O.* 2, 6) nie gehad het nie; maar steun vir hierdie lesing word verskaf in die ooreenkoms in woorde en gedagtes by Hom. *Il.* 24, 44–45: ὣς ἼΑχιλεὺς ἔλεον μὲν ἀπώλεσεν, οὐδέ οἱ αἰδῶς/γίγνεται, en *Od.* 14, 82: οὐκ ὄπιδα φρονέοντες ἐνὶ φρεσὶν οὐδ' ἔλεητύν. Die gebruik van Homeriese woorde in nuwe betekenis of verbindings is ook nie by Turtaios onbekend nie (vgl. Treu, *Von Homer* 267 e.v.; Snell, *Tyrtaios*).

In sy verdediging van die lesing οὐτ' ὄπις οὐτ' ἔλεος, wys Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 344 daarop dat 'n wandelende man (ἀλωμένου) se ellendes nie op sy toekomstige nakomelinge kan dui nie (vgl. fr. 9, 30), en dat die lesing οὐτ' ὄπισω γένεος die verandering van die tweede οὐτε na οὐδέ sou meebring (Wilamowitz). Hy bevind ook dat die gebruik van ὄπις in *Od.* 14, 82 tog agting kan beteken, en verwerp Prato se beswaar teen ὄπις, 'agting', as toutologies vir αἰδῶς, 'ontsag'. Perrotta-Gentili 12 wys ook daarop dat by Pind. *O.* 2, 6 religieuse respek bedoel word, en Degani-Burzacchini 89 verwys na die Homeriese gebruik van ὀπίζομαι (bv. *Il.* 18, 216 en 22, 332).

Die emendasie van Ahrens (οὐτ' ὄπισω γενέος) herstel 'n belangriker en meer tipiese belansering van gedagtes. Begrippe word in pare van fisiese (A) en geestelike (B) ontberinge gerangskik:

A	[χρημοσύνη καὶ πενίη	(8)	gebrek en armoede
B		αἰσχύνει ... ἐλέγχει	(9)	oneer en skande
B + A		ἀτιμία καὶ κακότης	(10)	oneer en ellende

C	[άνδρὸς ... ἀλωμένου	(11)	enkeling-banneling
D		ὀπίσω γένεος	(12)	familie-nakomelinge
A + B		ὤρη ... αἰδῶς	(11-12)	versorging ... agting.

Degani-Burzacchini vind hierdie stilistiese argument deurslaggewend.

- 13 θυμῶ: 'met moed' (Buchholz-Peppmüller I, 30; Prato; Snell, *Entdeck.* 15) of 'verwoed' (Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 345) met behoud van die betekenis van θύω.
- 14 ψυχέων: hier 'lewens' in konkrete sin; vgl. Hom. *Il.* 9, 332: αἰὲν ἐμὴν ψυχὴν παραβαλλόμενος; *Od.* 22, 245: περὶ τε ψυχέων ἐμάχοντο; 7, 74: ψυχὰς παρθέμενοι; fr. 9, 23.

μηκέτι: emfaties ('glad nie', 'nooit'), en nie 'nie meer' nie; vgl. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 345 en Degani-Burzacchini teenoor Prato 93.

3. STRUKTUUR

3.1 Die partikel γὰρ in die eerste reël van die fragment impliseer 'n voorafgaande bewering. Volgens Van Groningen, *Comp.* 126 en Gerber, *Euterpe* 72, impliseer die γὰρ in die eerste reël 'n voorafgaande verlore gedeelte. Maar γὰρ kan antisiperend wees (Denniston 68 e.v.), alhoewel hierdie gebruik nie by Homeros voorkom nie. Prato se verwysing (p. 87 en 61) na γὰρ in fr. 2D (2West, 1aPrato) as voorbeeld van hierdie partikel aan die begin van 'n gedig, is nie onbetwisbaar nie: West las bv. 'n fragment van *P. Oxy.* 2824 vooraan. Fr. 8D (11West, 8Prato) begin met ἀλλ'—'Ἡρακλῆος γὰρ ...: die γὰρ volg op die ekshortatiewe ἀλλ(ά) ('kom nou'), en is dus nie antisiperend nie, maar redegewend (Prato 103). Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 338, volg Jacoby en Peppmüller; laasgenoemde beweer kategoriees: 'Das Gedicht ist kein Fragment, sondern ein organisch gegliedertes Ganzes'.

3.2 Diehl en ander (bv. Wilamowitz, Jacoby, Fränkel, Lesky, Prato, Snell, Degani) onderskei fr. 6 (tot by reël 14) van die volgende, fr. 7D, ten spyte daarvan dat Lukourgos die twee fragmente aaneen aanhaal. Die argumente wat vir hierdie skeiding onlangs weer deur Prato na vore gebring is, is soos volg:

- (a) Die skielike oorgang van 'ons, die ou manne' na 'julle, die jongmanne' veroorsaak 'n verandering in toon en situasie.
- (b) Lukourgos se aanhaling van die twee fragmente sonder 'n breuk

is geen sekere aanduiding dat hy geweet of bedoel het dat dit een gedig is nie; die eenderse tema van die twee fragmente sou genoeg rede vir die samevoeging kon gewees het.

- (c) Die fragmente verskil in inhoud omdat twee verskillende momente van die oorlog belig word: in fr. 6 is die eintlike oorlog nog ver, alhoewel 'n konkrete situasie in die verlore aanvang van die gedig geïdentifiseer sou kon gewees het; die oproep aan die ouer manne is meer algemeen, minder dringend en berispending; in fr. 7 word die jongmanne na aanleiding van onlangse terugslae waarin die ouer manne erg gely het, aan hulle plig herinner in dringende, byna aantygende terme.
- (d) Die terme van die oproep vir die twee groepe is ook anders: vir die ou manne is dit die welsyn van hul gesinne, die behoud van hul grond en vaderland, en die toekoms van hul kinders, met ballingskap as die gevolg van nederlaag; vir die jongmanne is dit die trots in hul fisiese krag en voorkoms, met skande as die gevolg van hulle pligsversuim teenoor die ouer geslag.
- (e) Die laaste twee koeplette van fr. 6 (reëls 11–14), met die voorwaardesin waarin die ballingskapsituasie opgesom word (11–12), en die finale oproep om te veg en selfs te sterf (13–14) is 'n natuurlike en effektiewe afsluiting op 'n klimaks. Reël 15, die begin van fr. 7, begin 'n nuwe gesprek. Fr. 6 bied die einde van 'n parainesis, fr. 7 die begin van 'n ander parainesis.

Ander geleerdes (bv. Sitzler, Jaeger, Rossi, Bowra, Van Groningen, Verdenius, *Mnem.* 22, 1969; *Hermeneus* 39, 1968, 126; Adrados, West) verdedig die eenheid van frr. 6 en 7.

Vgl. verder Prato 81–86; en Gerber, *Euterpe* 72.

3.3 SKEMA

A	— 1–2	dis edel om vir die vaderland te veg en te sterf.
B	— 3–4	dis smartlik om stad en grond te verlaat en bedelaar te word,
C	— 5–6	'n balling vergesel van moeder, vader, kinders en vrou,
D	— 7–8	oral onwelkom, behoefdig en arm.
E	— 9–10	verlies van aansien vir self en nageslagte, oneer, ellende volg
F	— 11–14	die enigste teenmiddel teen so 'n situasie is om dapper te veg en te sterf vir vaderland en kinders.

Die plasing van $\tau\epsilon\theta\nu\acute{\alpha}\mu\epsilon\nu\alpha\iota$ (1) en $\theta\eta\eta\sigma\kappa\omicron\mu\epsilon\nu$ (14) omraam die hele

fragment. Hierdie omraming word versterk deur die woorde of gedagtes aan die einde van hierdie reëls: πεσόντα (1) en μηκέτι φειδόμενοι (14), en ook die frases περί ἧ πατρίδι μαρνάμενον (2) en γῆς περί τῆσδε μαχώμεθα (13). 'n Basiese kontras tussen die edele (καλόν, 1) en die smartlike (ἀνιηρότατον, 4) word uitgewerk in die kontras ἀνδρ' ἀγαθόν (2): πλαζόμενον (5), ἐχθρός (7) en αἰσχύνει ... ἐλέγχει (9), met die saambindende opsomming in ἀνδρὸς ... ἀλωμένου (11). Binne die omraming is die gedagtes in reëls 3–10 lineêr na 'n klimaks gerangskik.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die motief van 'n eerbare dood op die slagveld kom algemeen voor. Ook in die letterkunde is voorbeelde uit verskillende tye: Hom. *Il.* 15, 494–499; Alk. fr. 400L–P; Hor. *Carm.* 3, 2, 13. Formules in dié trant verskyn op inskripsies uit die argaïese en klassieke tyd:

ἐν προμάχοις [ἔπεσεν] (IG 7, 2247);
 περί πάτρας μαρνάμενος, πρῶτος δ' ἔμ
 προμάχοις θάνεν [ο]ὐχὶ [κ]αταισχύνας
 πατρίδ' οὐδὲ γονῆας ἑαυτοῦ (IG 9, 2, 466)

(vgl. Friedländer & Hoffleit, *Epigrammata* 79 e.v.).

4.2 Met die verskyning van die falanksformasie in die argaïese leër, het die fokus verskuif van die enkeling-kampvegter na die lid van die falanks wat vir sy stadstaat en medeburgers se lot of glorie geveg en gesneuwel het. Die motief van die ἀνὴρ ἀγαθός (reël 2) is hier nou met die Spartaanse opvattings oor ἀρετή verbind. Al ontbreek die woord ἀρετή self in ons teks, word iets van die inhoud en betekenis daarvan in hierdie fragment vergestalt. Vir die Spartaan (en die argaïese Griekse aristokraat in die algemeen; vgl. Hom. *Il.* 6, 208 e.v., waar Hippolochos se raad aan sy seun Glaukos genoem word; en Pind. *O.* 8, 19–20, waar die Olimpiese wenner se sege die verwagtinge van sy voorkoms vervul) het ἀρετή 'n aangebore, innerlike krag, fisiese voorkoms, en geestelike eienskappe behels. Hierdie eienskappe, wat die geboortereg van die aristokraat was, is in die nasionale atletiese spele, maar veral op die slagveld geopenbaar (Turt. fr. 9, 13–14). Op inskripsies word 'n gesneuwelde soldaat ἀνὴρ ἀγαθός genoem.

4.3 Die materiële, fisiese en geestelike voorregte en voordele van die aristokratiese ideaal verskyn as basis vir die gedagtegang in hierdie fragment. Die mooie en edele word teenoor die lelike en

skandelike gestel: burgerregte en materiële welvaart (πόλιν καὶ πίονας ἀγρούς, 3), gevestigde gesinslewe en familietradisie (5–6), respek en aansien (10, 11–12), en fisiese skoonheid (εἶδος, 9; eerder as in die filosofiese sin van ‘... “Bild” des Spartiatentums’, Fränkel, *EGP* 155 n. 7; vgl. Prato 90; Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 342–343). Dit is dan juis hierdie materiële en geestelike eienskappe en voorregte wat deur ’n nederlaag verloor of vernietig word. Die keuse vir die Spartaanse aristokraat-soldaat het gelê tussen die dood op die slagveld, slawerny of (soos hier) die verlies van burgerskap en daaropvolgende ballingskap. Die liggaamskrag en -skoonheid, die heldemoed, d.w.s. juis die ideale van die ἀνὴρ ἀγαθός — word deur armoede en ballingskap vernietig (vgl. Perrotta-Gentili 13–14). Skande volg onvermydelik op wat vir pligsversuim en lafhartigheid aangesien is.

4.4 Turtaios gebruik hier die elegiese digvorm om sy medeburgers in die aangesig van ’n krisis tot dapper, edele en opofferende optrede te inspireer. Die realistiese beelding en die direktheid van die appèl tot die emosies, die egtheid en betrokkenheid van die gedagtes en gevoelens, maak hierdie reëls en hul skepper belangrik in die geskiedenis van patriotiese of betrokke poësie.

LITERATUUR

- Adkins, *HSCP* 81 (1977) 59–97.
 Degani-Burzacchini 84–94.
 Fränkel, *EGP* 153–159.
 Gerber, *Euterpe* 72–74.
 Jacoby, *Hermes* 53 (1918) 1–44.
 Jaeger, *Paideia* 71–98.
 Lesky 118–121.
 Perrotta-Gentili 10–18.
 Rossi, *AIV* 112 (1953–54) 369–437.
 Schmid-Stählin I, 1, 357–361.
 Snell, *Tyrtaios*.
 Snodgrass, *JHS* 85 (1965) 110–122.
 Snodgrass, *Greek Armour* 48–88.
 Verdenius, *Hermeneus* 39 (1967–68) 122–127.
 Verdenius, *Mnem.* 22 (1969) 337–355.

(b) Fr. 9D (12E, 9G–P, 9Pr, 12W)

Dapperheid in die stryd vir die vaderland die ware deug

Οὐτ' ἄν μνησαίμην οὐτ' ἐν λόγῳ ἄνδρα τιθείην¹
 οὔτε ποδῶν ἀρετῆς οὔτε παλαιμοσύνης²,
 οὐδ' εἰ Κυκλώπων μὲν ἔχοι μέγεθός τε βίην τε,
 νικῶη δὲ θεῶν Θρηίκιον Βορέην,
 οὐδ' εἰ Τιθωνοῖο φυὴν χαριέστερος εἴη, 5
 πλουτοίη δὲ Μίδεω καὶ Κινύρῳ μάλιον³,
 οὐδ' εἰ Τανταλίδεω Πέλοπος βασιλεύτερος εἴη,
 γλῶσσαν δ' Ἄδρηστοῦ μελιχόγηρον ἔχοι,
 οὐδ' εἰ πᾶσαν ἔχοι δόξαν πλὴν θούριδος ἀλκῆς·
 οὐ γὰρ ἀνὴρ ἀγαθὸς γίγνεται ἐν πολέμῳ, 10
 εἰ μὴ τετλαίη μὲν ὄρων φόνον αἱματόεντα
 καὶ δῆων ὀρέγοιτ' ἐγγύθεν ἰστάμενος.
 ἦ δ'⁴ ἀρετῆ, τόδ'⁵ ἄεθλον ἐν ἀνθρώποισιν ἄριστον
 κάλλιστόν τε φέρειν γίγνεται ἀνδρὶ νέω.
 ξυνὸν δ' ἔσθλὸν τοῦτο πόλῃ τε παντί τε δήμῳ, 15
 ὅστις ἀνὴρ διαβᾶς ἐν προμάχοισι μένη
 νεωλεμέως, αἰσχροῆς⁶ δὲ φυγῆς ἐπὶ πάγχυ λάθηται
 ψυχῆν καὶ θυμὸν τλήμονα παρθέμενος,
 θαρσύνη δ' ἔπεσιν⁷ τὸν πλησίον ἄνδρα παρεστώς·
 οὗτος ἀνὴρ ἀγαθὸς γίγνεται ἐν πολέμῳ. 20
 αἶψα δὲ δυσμενέων ἀνδρῶν ἔτρεψε φάλαγγας
 τρηχέας, σπουδῇ δ' ἔσχεθε κῦμα μάχης.
 αὐτὸς⁸ δ' ἐν προμάχοισι πεσὼν φίλον ὤλεσε θυμὸν
 ἄστυ τε καὶ λαοὺς καὶ πατέρ' εὐκλείσας,

1. Stob.codd. Stephanus: τιθείμην Plato, *Leg.* 629a–30b, 660e–661a

2. Stob.M: παλαιμοσύνης Stob.SA

3. Schneidewin Schmidt: Κινυρέοιο μάλλον Stob.codd.

4. Oxon. Noví Coll. 270 Ursinus Hermann: ἡ δ' Stob.codd.: ἦ δ' Francke

5. Stob.AS: τό δ' Stob. M: τὸ τ' Francke

6. Bergk²: αἰσχροῆς Stob.SM: αἰσχρός Stob.A

7. Paris.gr. 2092 Hermann: δὲ πεσεῖν Stob.codd.

8. Stob.codd.: ὄς δ' αὐτ' (ἐν) Bergk: αὐτὰρ ὄς (ἐν) Defradas

πολλὰ διὰ στέρνοιο καὶ ἀσπίδος ὀμφαλοέσσης 25
καὶ διὰ θώρηκος πρόσθεν ἔληλαμένος,
τόνδ'⁹ ὀλοφύρονται μὲν ὁμῶς νέοι ἠδὲ γέροντες
ἀργαλέω τε πόθῳ πᾶσα κέκηδε πόλις,
καὶ τύμβος καὶ παῖδες ἐν ἀνθρώποις ἀρίσμοιο
καὶ παιδῶν παῖδες καὶ γένος ἔξοπίσω· 30
οὐδέ ποτε κλέος ἔσθλὸν ἀπόλλυται οὐδ' ὄνομ' αὐτοῦ,
ἀλλ' ὑπὸ γῆς περ ἐὼν γίγνεται ἀθάνατος,
ὄντιν' ἀριστεύοντα μένοντά τε μαρνάμενόν τε
γῆς πέρι καὶ παιδῶν θοῦρος Ἄρης ὀλέσῃ.
εἰ δὲ φύγη μὲν κῆρα ταηλεγέος θανάτοιο, 35
νικήσας δ' αἰχμῆς ἀγλαὸν εὖχος ἔλη,
πάντες μιν¹⁰ τιμῶσιν ὁμῶς νέοι ἠδὲ παλαιοί,
πολλὰ δὲ τερπνὰ παθῶν ἔρχεται εἰς Αἶδην,
γηράσκων ἀστοῖσι¹¹ μεταπρέπει, οὐδέ τις αὐτόν
βλάπτειν οὔτ' αἰδοῦς οὔτε δίκης ἐθέλει, 40
πάντες δ' ἐν θώκοισιν ὁμῶς νέοι οἳ τε κατ' αὐτόν
εἴκουσ' ἐκ χάρης οἳ τε παλαιότεροι.
ταύτης νῦν τις ἀνὴρ ἀρετῆς εἰς ἄκρον ἰκέσθαι
πειράσθω θυμῷ μὴ μεθίεις πολέμου.¹²

BRON

Stobaeus 4, 10, 1 en 6.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet* (vgl. die vorige fragment).

L.W. Μίδεω ... Κινύρεω (6) en Τανταλίδεω (7).

2. KOMMENTAAR

- 1 μνησαίμην ... τιθείην: die optatief met ἄν in die hoofsin (apodosis) en εἰ in die voorwaardesin (protasis) dui op 'n potentialis-stelling. Sommige lees die medium τιθείμην na aanleiding van Plato se aanhalings van die openingsreëls (*Leg.* 629a, 660–661a) en

9. Diehl: τόν δ' Stob.codd.

10. Stob.SM: om. Stob.A: μὲν Schneidewin

11. Stob.A: δ' ἀστοῖσι Stob.SM

12. Camerarius: πόλεμον Stob.codd.

LSJ s.v. τίθημι Β II. Vgl. egter West, *Studies* 187; Gerber, *Euterpe* 75.

ἐν λόγῳ: 'in (die) woord', d.w.s. 'in my poësie'. In argaïese Griekeland is 'n man se gimnastiese of militêre prestasies o.a. in die loflied vereer. Die betekenis 'in ere', 'in hoë agting' (bv. in Buchholz-Peppmüller) kom eers in outeurs ná Turtaios voor; vgl. Gerber, *Euterpe* 75.

- 1–2 οὐτ(ε) ... οὐδ(έ): die anafora aan die begin van die koeplette, en die herhaling van οὐτε in die eerste koeplet bind die lang sin saam tot 'n eenheid en beklemtoon die verskeie vorms van ἀρετή wat verwerp gaan word.
- 2 ποδῶν: genitivus causalis. Die voetwedloop was die oudste van die Olimpiese items (720 v.C.): vgl. Hom. *Od.* 8, 147 e.v.
ἀρετῆς: 'voortreflikheid', 'vermoë'; genitivus causalis: 'vanweë'.
παλαιμοσύνης: oor die stoeiwedstryde, vgl. Finley and Pleket, *The Olympic Games*, Index s.v. 'Wrestling'.
- 3 Κυκλώπων: die Kuklope (Siklope) was eenogige reuse wat onder die vulkaan Etna die weerligskigte van Zeus gesmee het; vgl. Hom. *Od.* 9, 187, 481; 12, 209 e.v.
- 4 θέων: praes. part van θέω. Prato 126 wil hierdie in verband bring met die wawedren, eers met twee perde (*biga*), later (vanaf 648 v.C.) met vier perde (*quadriga*), by uitstek 'n aristokratiese *agôn* (vgl. Hom. *Il.* 23, 262 e.v.). Hierdie vertolking word egter nie deur die teks self gedra nie: 1. θέων verwys na 'n persoon wat hardloop eerder as die perde van 'n renwa; en 2. νικῶν δὲ θέων Θρηῖκιον βορέην tel chiasities ποδῶν weer op, soos Κυκλώπων ... μέγεθός τε βίην τε (3) vir παλαιμοσύνης 'n *exemplum* is. Vgl. ook Shey, *Arethusa* 9, 1976, 24n.8, wat die herhaling sonder toeligtig as 'uiters effektief' beskryf. Aan die ander kant steun Prato se vertolking op 'n tradisionele patroon. In Homeros verskyn die *agônes* in 'n omgekeerde orde: wawedren (*Il.* 23, 262 e.v.), boks (653 e.v.), stoei (700 e.v.), en voetwedloop (740 e.v.). Die Noordewind, Boreas, word as 'n perd voorgestel in *Il.* 20, 223–224. Vgl. ook Hes. *Op.* 553; Hom. *Il.* 9, 5; *Od.* 5, 385; Theogn. 715–716.
- 5 Τιθωνοῖο: Tithonos, seun van Laomedon, is weens sy skoonheid deur die godin van die daeraad, Eos, bemin; vgl. die *Hymn.* Hom. (aan Aphrodite) 5, 200–201, 218–238.

φυήν: acc. resp.: 'van voorkoms'. Uiterlike skoonheid was reeds by Homeros 'n belangrike ἀρετή (bv. *Il.* 3, 39–45; *Od.* 8, 169–185); vgl. Shey, *Arethusa* 9, 1976, 24n.9.

- 6 Μίδεω καὶ Κινύρῳ: Midas, koning van Frigië, en Kinuras, koning van Cyprus, was beroemd vir hulle groot rykdom (vgl. Ovid. *Met.* 11, 85 e.v.; Hom. *Il.* 11, 20 e.v.; Pind. *N.* 8, 18).

μάλιον: Ionies vir μάλλον. Die woord verskyn net hier en by Kallim. fr. 67, 13 Pfeiffer.

- 7 Τανταλίδεω Πέλοπος: Pelops, seun van Tantalos, na wie die Peloponnesos vernoem is, was bekend vir sy koninklike mag (vgl. Thuk. 1, 9).

- 8 Ἀδρήστου: Adrastos, koning van Argos, was een van die sewe helde wat teen Thebe opgetrek het om Poluneikes op die troon te plaas. Sy welsprekendheid word nie voor Turtaios vermeld nie, maar kon in die verlore sikliese lied, die *Thebais* (Paus. 8, 25, 8) voorgekom het. Vgl. Geerebaert 23: 'Because of his ability to win favor and to please (cf. Hdt. V 67), Adrastus deserved Tyrtaeus' epithet μελιχόγηρον, which was repeated by Plato in the *Phaedrus* (269A)'. Vgl. Theog. 714 (Nestor). Vgl. egter Shey, *Arethusa* 9, 1976, 10–11, 25–26n.15, en die Interpretasie 4.3.

- 9 Θούριδος ἀλκῆς: 'aanvalsmoed', 'stormende krag'; θούρις is die vroulike vorm van die adjektief θούρος. Die frase kom reeds by Homeros voor (*Il.* 7, 164; *Od.* 4, 527).

- 11–12 τετλαίη ... ὀρέγοι(ο): die optatief (sonder ἄν of κε) in die protasis na 'n indikatief (γίγνεται, 10) in die apodosis is dalk potensiaal: 'tensy hy dit kon verduur'. Vir μέν gevolg deur καί vgl. Denniston 374.

δήων: gen. mv. van δαίος; dus substantiwies soos by Hom. *Il.* 4, 373 (vgl. Prato). Vir die gen. met ὀρέγω, vgl. *Il.* 16, 322 en Turt. 12, 12D. ὀρέγοιτ': '(self of hand) uitstrek', 'n hou toedien'. Die handeling is: naby aan die vyand staan (ἰστάμενος, praes. med. part.) en dan 'n hou teen die vyand mik (ὀρέγοιτ'), alles byna gelyktydig.

ἐγγύθεν: = ἐγγύθι.

- 13 ἦδ' ἀρετή ...: 'Hierdie is die (ware) voortreflikheid, hierdie is die beste prys ter wêreld ...'.

ἄεθλον is 'n metafoor uit die atletiese ἀγῶν.

- 15 ἐσθλόν: 'voordeel'.
 πόλις ... δῆμος: d.w.s. die stad as politieke eenheid en die burgers daarvan.
- 16 ὅστις ἀνήρ: εἶ τις ἀνήρ.
 διαβάς: = εὖ διαβάς, soos in Homeros, 'die voete stewig plant', 'met bene wyd staan' (*Il.* 12, 458); vgl. ook Turt. fr. 7, 31D (=10,3W).
- 17 ἐπὶ ... λάθεται: tmesis.
- 18 παρθέμενος: sterk aor. med. part. van παρτίθημι, Dories en poëties vir παρατίθημι, wat hier met sowel ψυχὴν en θυμὸν τλήμονα vertaal moet word in twee verskillende betekenis (zeugma): 'terwyl hy sy lewe waag en 'n volhardende hart (imbors) vertoon'.
- 19 πλησίον ἀνδρα: 'n aanduiding van die falanksformasie; vgl. φάλαγγας (21).
- 21–23 ἔτρεψε ... ἔσχεθε ... ὄλεσε: die aor. dui 'n gewoontehandeling aan (gnomiese aor.).
- 22 τραχείας: Ionies vir τραχέας: 'ruwe' (soos in Homeros), waarskynlik 'n tipering van die visuele effek van die rye spiese.
 σπουδῆ: 'met ywer'.
 ἔσχεθε: = ἔσχε.
- κῦμα μάχης: die metafoor is deur Turtaios geskep na aanleiding van Hom. *Il.* 5, 469: ἐκ φλοίσβοιο, en *Il.* 2, 209: κῦμα θαλάσσης.
- 23 αὐτὸς δ': sterk beklemtoon, en in τὸν δ' (27) weer opgeneem. Kommentatore wat die beklemtoning te sterk vind, verander die manuskriplezing na ὃς δ' αὐτ(ε): 'en hy, weer (verder) ...'
 φίλον: 'eie'.
- 24 ἄστν: Alhoewel Sparta in hierdie periode as πόλις opgetree het, het dit eintlik nog uit verskeie dorpies bestaan (vgl. Thuk. 1, 10, 2).
- 25 ἀσπίδος ὀμφαλοέσσης: 'geëmbosseeerde skild', 'klinknaelskild', met verwysing na die hegnaels om die rand van die hoplieteskild. By Homeros verwys ὀμφαλοέσσης ὄφ na die enkele, sentrale knop van die skild (bv. *Il.* 13, 192), ὄφ na meerdere knoppe (*Il.* 11, 34, waar Agamemnon se skild twintig ὀμφαλοί

- het). Sommige geleerdes meen dat Turtaios eenvoudig die Homeriese adjektief oorgeneem het sonder inagneming van die presiese betekenis daarvan: vgl. Snodgrass, *Greek Armour* 181–182. Maar die heenwysing van die woord sou vanself met veranderde wapengebruik verander het. Vgl. by fr. 6, 1D.
- 26 θώρηκος: daar is nou getuienis dat die borsplaat van bronsmetaal reeds aan die einde van die laat-geometriese tydperk (c. 700 v.C.) in gebruik was; vgl. Bury⁴ 95 (ill. 3.2) en Jeffery, *Archaic Greece* 134.
- 27 τόνδ' ὀλοφύρονται: die rituele begrafnislied (γῶος of ἐπικήδειον) is deur die leidende burgers, familieledes en vriende rondom die lyk gesing (Proklos, *Bib. Phot.* 321a30). In die *Ilias* (22, 429; 24, 720 e.v.) sing die burgers (πολίται of δῆμος) die refrein vir die gestorwe held. Hier is die verwysing eerder na 'n grafskrif (*epitaphion*) ter ere van die gestorwene (τύμβος, 29); vgl. Prato 134.
- 28 κέκηδε: die perf. act. van κήδω het 'n praesens betekenis: 'is bedroef'.
- 29 ἀρίσμητοι: 'in aansien'.
- 35 φύγη ... ἔλη: die subjunktief met εἰ (sonder ἄν) kom in die poësie voor, en is die meer gewone konstruksie in Homeros vir *algemene* voorwaardes. Vgl. Goodwin § 1396 en 1406 oor 'general conditions' in Homeros.
- κῆρα: akk. van κήρ: 'vernietiging'; vgl. Lee, *Glotta* 39, 1961, 191 e.v., en Mimn. fr. 2, 5 D.
- τανηλεγέος: dalk 'wat langdurige smart meebring' (LSJ; vgl. Hom. *Il.* 8, 70: δύο κῆρε τανηλεγέος θανάτοιο — ook *Od.* 2, 100; 11, 171). Leumann, *Homerische Wörter* 44–45 stel dit egter gelyk aan ἀνηλεγέος.
- 36 αἰχμῆς: genitivus auctoris: 'vanuit die lans', d.i. 'met die lans behaal'; vgl. Kühner-Gerth I, 332–333.
- εὔχος: 'roem', soos by Pind. *P.* 1, 68: κλέος αἰχμᾶς, ook verkry uit of met sy spies.
- 38 παθών: hier vir die eerste keer van aangename ervarings gebruik.
- 39 γηράσκων: asindeties met die vorige verbind om verdere informasie te verskaf. Prato en Shey bring hierdie woorde in nouer verband met lidmaatskap van die Gerousia; ἄστοισι is dan

'kollegas in die Gerousia'; vgl. West se resensie van Prato se uitgawe, *CR* 20, 1970, 50.

- 40 αἰδοῦς: 'ontslag'. Die genitief (ook δίκης) dui verwydering aan: 'van sy ontsag en reg verhinder (berooft)'. Die twee begrippe αἰδώς en δίκη is belangrik in die argaïese Griekse morele en politieke denke, eersgenoemde as basis van menslike verhoudinge, laasgenoemde as regmatige deel vir elke wese en basis van die politieke bestel. Vgl. Plat. *Prot.* 322c; Hesiod. *Op.* 192–193; Hom. *Od.* 9, 112 e.v.; *Il.* 19, 180; Hirzel, *Themis* 170 e.v. Vgl. kommentaar by Kallin. 1.
- 41 ἐν θώκοισιν: 'by byeenkomste'. Die eresitplekke (προεδρία) by spele, dramatiese opvoerings en godsdienstige geleenthede is in Sparta vir die konings gehou (Hdt. 6, 57, 2), maar voorrang is ook aan ouer burgers gegee (Xenoph. *Resp. Lac.* 9, 5).
- 42 εἴκουσ' ἐκ χώρης: 'hulle (oud en jonk) maak plek'.
- 43 τις ἀνήρ: 'elke man'.
- 44 θυμῶ: 'met sy volle wese'. Vir θυμός en ψυχή, vgl. Snell, *Tyrtaios* 9–20.

πολέμου: genitivus separationis.

3. STRUKTUUR

3.1 Hierdie is waarskynlik 'n volledige gedig. Stobaeus (4, 10) haal die gedig in twee dele (1–14 en 15–44) aan, maar Theogn. 1003–6 gee reëls 13–16 weer as 'n eenheid. Stobaeus se indeling stem ook nie ooreen met die natuurlike skeiding van die gedig by reël 20 nie. Vgl. ook Plato, *Leg.* 629a, 660e–661a.

3.2 SKEMA

- A 1–22 Fisiese heldemoed die ware *aretê*
 (a) 1–12 die verskeie vorms van *aretê* met die θοῦρις ἀλκή as die ware *aretê* in oorlog
 (b) 13–20 nadere bepaling van die ware *aretê*: hoe die ἀνήρ ἀγαθός moet optree.
 (reël 20, die klimaks van dié gedeelte, herhaal byna woordeliks reël 10, die klimaks van die *priamel*, of lys van *aretai*, en sluit die twee afdelings met ringkomposisie saam)

- (c) 21–22 opsomming van reëls 11–20, wat as oorgang na volgende deel dien.
- B 23–44 Geestelike voordele van heldemoed die voordele van ware *aretê* vir stadstaat, burgers en ἀνὴρ ἀγαθός
- (a) 23–34 as hy dapper sterwe of
- (b) 35–42 as hy die stryd oorleef
- (c) 43–44 *exhortatio*.

(Vgl. Van Groningen 79; Campbell 176–177).

Shey, *Arethusa* 9, 1976, 6–7, 23n. 7, onderverdeel hierdie skema nog verder:

1. 1–9 ander ἀρεταί teenoor θοῦρις ἀλκή = 'Wertepriamel' (Schmid)
 2. 10–22 argumente ten gunste van ἀλκή
 3. 23–34 roem vir die gesneuwelde
 4. 35–42 verering van die oorlewende
- slot 43–44 *exhortatio*.

Belangrik is sy hele betoog dat die stemming van negatief tot affirmatief opbou.

3.3 Sekere elemente van die argaïese denkstruktuur kan waargeneem word: die priamel wat reeds by Homeros 'n ontwikkelde vorm vertoon (vgl. Fränkel, *EGP* 517 (Index A); Van Otterlo, *Mnem.* 8, 1940, 145–175; Snell, *Tyrtaios* 27–36; Schmid, *Priamel*; Race; vgl. oor Sem. fr. 29D); die gebruik van herhaling, veral in kontras (ἐν προμάχοισε μένη, 16 ~ ἐν προμάχοισι πεσών, 23), of variasie (πόλη ... δήμω, 15 ~ ἄστου ... λαούς, 24; ὁμῶς νέοι ἤδὲ γέροντες, 27 ~ ὁμῶς νέοι ἤδὲ παλαιοί, 37 ~ ὁμῶς νέοι οἱ τε κατ' αὐτόν/... οἱ τε παλαιότεροι, 41–2; en reëls 10 en 20); die gebruik van *poluptoton* (παίδων παῖδες, 30); die parataktiese sinsbou in die tweede helfte (ἔτρεψε ... ἔσχεθε ... ὤλεσε, 21–23; ὀλυφύρονται ... κέκηδε ... ἀρίσημοι, 27–29; ἀπόλλυται ... γίγνεται, 31–32; μετατρέπει ... ἐθέλει ... εἴκουσ', 39–42); en die pendulum-kontrastering (reëls 27–34 en 35–42). Al hierdie elemente is die gevolg van die argaïese denkstruktuur en deel van die mondelinge voordrag of kommunikasie van die poëtiese teks. Oor die priamelvorm en die gedig as paraineties, vgl. Shey, *Arethusa* 9, 1976.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die egtheid van die gedig word nie meer betwis nie. Die gedagtes en inkleding is dié van Turtaios en nie dié van latere sofiste nie.

Vgl. veral Jaeger, *Paideia* 91–92; Prato, *Tyrtaeus* 15* e.v., 116–123; Snell, *Tyrtaios* en *Dichtung und Gesellschaft* 84–88; Shey, *Arethusa* 9, 1976, 23 n. 5; vir die ander siening, vgl. Fränkel, *EGP* 153–159.

4.2 Die invloed van Homeros blyk duidelik in sekere metriese effekte (bv. reël 15 ~ *Il.* 3, 50; reël 17 ~ *Il.* 13, 3) en woord-eggo's (reël 3 ~ *Il.* 7, 288; reël 19 ~ *Il.* 4, 233; reël 25 ~ *Il.* 6, 118). Belangrik is egter Turtaios se gebruik van Homeriese materiaal in 'n nuwe genre, konteks en betekenismilieu. Vgl. Snell, *Tyrtaios* 37–49, 50–58.

4.3 In Homeros kom mitologiese stof natuurlik deurgaans voor, maar as beskrywing, as veronderstelde wêreld van die verlede. In fr. 9D van Turtaios word die mitologiese materiaal as verwysings-raamwerk, as vergelyking (*exemplum*) vir die hede aangewend. Hierdie beeldende gebruik van mite het geleerdes (bv. Schmid-Stählin I, 1, 361n.1) laat glo in 'n latere datum (4de eeu) vir die gedig. Maar in 1914 is 'n papyrusfragment ontdek en in 1918 gepubliseer waarin Turtaios verwys na Semele, Dionusos en die Tundaridai (*P. Berol.* 11675 = fr. 1D, 10 Prato, 18–23 West). Die mitologiese *exempla* word in fr. 9 gebruik om die grootheid van die ἀρετή van die ἀνὴρ ἀγαθός te beklemtoon: die mitologiese voorbeeld van 'n bepaalde vorm van ἀρετή is in normale opvatting van die tyd voortreflik, maar die ἀνὴρ ἀγαθός oortref hulle met sy besondere ἀρετή.

Vgl. Snell, *Tyrtaios* 34–35; Shey, *Arethusa* 9, 1976.

4.4 Die hooftema van die gedig is die bepaling van die ware ἀρετή wat vir 'n spesifieke tyd (νῦν, 43) en geleentheid (ἐν πολέμῳ, 10, 20; ἦδ', 13; ταύτης, 43) van die grootste belang is. Turtaios begin deur in die eerste gedeelte (1–12) 'n lys (priamel) te gee van die tradisionele prestasies of eienskappe wat aristokratiese ἀρετή veroorsaak en bewys. Dit was veral die atletiese prestasies by die Olimpiese of ander nasionale spele wat as die hoogste menslike prestasie beskou is. Hierdie agonale ἀρεταί is veral deur oorwinning in die voetwedloop, stoeiwedstryde, boksgevegte en wawedrenne verkry. Daarby plaas Turtaios die geboortereg-ἀρεταί van die aristokrasie: persoonlike skoonheid, rykdom, mag en welsprekendheid. En die digter skakel hulle byvoorbaat met die reeks negatiewe uit om plek te maak vir die ware ἀρετή: fisiese krag en durf in die geveg (θούρις ἀλκή). Dit is die ἀρετή wat benodig word in die oorlewingsstryd van die πόλις.

Die ander ἀρεταί bring wel eer op 'n individu en sy stadstaat, maar dra nie tot die stadstaat se voortbestaan by nie. Die Homeriese held het ook so 'n ἀρετή gehad, maar sy vermoë in oorlog het glorie vir homself besorg. Die ἀνὴρ ἀγαθός wat Turtaios soek is 'n nuwe ideaal van die burger-kryger wat in die krisis vir sy πόλις, medeburgers en familie sal veg en desnoods sterf. Sy dapper optrede is 'n ξυνὸν ... ἔσθλόν (15), 'n voordeel vir almal in sy πόλις. Vir die ἀνὴρ ἀγαθός word ook roem en selfs 'n soort onsterflikheid (13 e.v.) deur die πόλις gewaarborg, 'n voortlewing, m.a.w., as *heros*. Al die ander ἀρεταί (grootte, krag, vlugtigheid, wedywering, uithou vermoë) word in die soldaat se *aretê* vervat (vgl. Shey 14–15). Hierdie is 'n nuwe gedagte in die Griekse 'Geistesgeschichte' (vgl. Treu, *Glotta* 43, 1965, 11; Snell, *Tyrtaios* 21–26, 34). Die digter se oproep namens die πόλις tot die individu blyk duidelik uit hierdie gedig: die πόλις moet die bron, doel en raamwerk van die Spartaan se optrede en bestaan word. Selfs die 'ek' in die gedig (reël 1) gaan op in die gemeenskap as geheel, waarvan die digter die verteenwoordigende spreekbuis is.

4.5 Ander begrippe in die gedig vereis die aandag: μνήμη, λόγος (1), γλώσσα (8), δόξα (9), κλέος (31) en ὄνομα (31). In 'n mondelinge kultuur soos dié van argaïese Griekeland is die gesproke en gehoorde woord van kernbelang as draer van die 'volksensiklopedie' (Havelock, *Preface to Plato*), d.w.s. die geakkumuleerde kennis en ervaring van die gemeenskap. Dit is dan die digter wat by uitstek hierdie volksensiklopedie help skep en bewaar. Μνήμη, herinnering (*memoria*); δόξα, κλέος, ὄνομα, wat mense van jou sé, jou 'naam' of reputasie; en λόγος en γλώσσα, die poëtiese woord en welsprekendheid, het almal deel gevorm van die skep en bewaar van die individu en groep se 'kultuur', verlede en hede. By Homeros was hierdie roem net vir helde soos Achilleus en Hektor beskore; Turtaios se gedig is 'n rekord van die moontlikheid daarvan vir die aristokratiese burger-soldaat van Sparta.

Vgl. Detienne, *Les maîtres ...* 9 e.v. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 339–340; *Hermeneus* 39, 1967/68, 126–127, bespreek kortliks die probleem van die konteks waarin die gedig 'gepubliseer' is. Vgl. West, *Studies* 10 e.v.

4.6 Hierdie gedig is meer beheersd en beredeneerd as die driftige fr.

6. Die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, is minder dringend. Maar dit is nie bloot filosofiese bespiegeling oor ἀρετή nie: die uiting kom steeds uit 'n militêre, sosio-politieke situasie.

4.7 'n Vergelyking met Perikles se begrafnisrede (Thuk. 2) bied boeiende insigte in die gemeenskaplike en onderskeidende denke van die Spartane en Atheners.

4.8 Die gedigte van Turtaios verteenwoordig 'the first stage in the development of city-state morality' (Jaeger, *Paideia* 93). Volgens Shey, *Arethusa* 9, 1976, 24n.11 (vgl. ook Campbell 177-178), skat Jaeger en Bowra (*EGE* 61-70) Turtaios se oorspronklikheid as denker te hoog en ongekwalfiseerd. Maar Turtaios moes sy medeburgers oorreed om hul lewens in gevaar te stel om die voortbestaan van Sparta te verseker, en moes dus ander ἀρεταί geringskat (Shey 8-9). Hy vergestalt hier wat van lewensbelang vir die voortbestaan van Sparta was: 'n ἀρετή wat berus op θούρις ἀλκή. Hierdie gedig is 'n kernteks vir die begrip van die Spartaanse stadstaat voor die 6de eeu.

Vgl. ook Shey 20 e.v.; Dover, in Pouilloux, *Archiloque* 190-195; Fuqua, *GRBS* 22, 1981, veral 219-226.

LITERATUUR

Bowra, *EGE* 35 e.v., 61 e.v.

Buchholz-Peppmüller I, 34-37.

Campbell 176-177.

Detienne, *Les maîtres de verité dans la Grèce archaïque*.

Finley-Pleket, *The Olympic Games. The First Thousand Years*.

Fränkel, *EGP* 153-159.

Fuqua, *GRBS* 22 (1981) 215-226.

Geerebaert 23.

Gerber, *Euterpe* 75.

Havelock, *Preface to Plato* 36-86, veral 47-48.

Jaeger, *Paideia* 74 e.v., 90 e.v.

Prato 15* e.v., 116-123.

Schmid, *Priamel*.

Schmid-Stählin I, 1, 357-362.

Shey, *Arethusa* 9 (1976) 5-28.

Snell, *Dichtung und Gesellschaft* 84-88.

Snell, *Tyrtaios*.

Snodgrass, *Greek Armour* 181-182.

Treu, *Glotta* 43 (1965) 11.

West, *Studies* 10 e.v., 187.